NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 9 NOVEMBER 2011 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
rdl R F van der Westhuizen
rdl W Wilskut
Ander raadslede:
rdh A Johnson
rdl O M Stemele
rdl N J A Rust

Beamptes:
Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L D Zikmann
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. **OPENING**

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter. Die voorsitter heet almal hartlik welkom.

2. **VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle M van Zyl en C H H Hunsinger.

3. **VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen

4. **NOTULES**

4.1 **NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU 11 OKTOBER 2011**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 Oktober 2011 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word onderhewig aan die onderstaande wysigings:

ITEM 7.16 VOORGESTELDE HERSONERING VAN GEDEELTE 40 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 24) VAN DIE PLAAS YZERFONTEIN NO 560, AFDELING MALMESBURY

BESLUIT

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(d) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n pro-rata finansiële bydrae (werklike koste) maak vir

4.1/...

die opgradering van die Buitenkant/Hoofweg-interseksie, soos bepaal deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste. Die verbreding van Buitenkanstraat is 'n toekomstige verpligting van die munisipaliteit en word tans beraam op R144 000,00.

5. **OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE**

5.1 **NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 3 NOVEMBER 2011**

5.1.1 **ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig onderhewig aan die onderstaande wysiging:

ITEM 2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMIN & FINANSIES) GEHOU OP 5 OKTOBER 2011

ITEM 6.1: TOERISMEVERSLAG VAN KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISME VERENIGING VIR DIE BOEKJAAR 2010;2011; EINDIGEND 30 JUNIE 2011; VERSLAG VAN OUDITEUR-GENERAAL I.V.M FINANSIëLE STATE VIR DIE JAAR 2009/2010

(d) dat daar versoek word dat die Departement Korporatiewe Dienste riglyne opstel vir die formaat waarin die jaarverslae van die Toerisme Advieskomitee voorberei moet word, ten einde eenvormigheid te bewerkstellig en te voldoen aan die maatstawwe van die Toerisme Diensvlakooreenkoms

5.1.2 **SIVIELE IN ELEKTRIESE DIENSTE**

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 **ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE**

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

7. **NUWE SAKE**

7.1 **DAARSTEL VAN MUNISIPALE PUBLIEKE REKENINGE KOMITEES (11/2/1)**

Die Departement van Samewerkende Regering en Nasionale Tesourie, na konsultasie met SALGA, het riglyne bepaal vir die stigting van Munisipale Publieke Rekening Komitees. In hul skrywe word versoek dat munisipaliteite teen einde November 2011 Munisipale Publieke Rekening Komitees in plek sal stel.

BESLUIT/.....

7.1/…

BESLUIT
(vir oorweging deur die Raad op 24 November 2011)

(a) Dat kennis geneem word van die nuut voorgestelde riglyne van Nasionale Tesourie betreffende die aanwysing van Munisipale Publieke Rekeninge-komitees (MPACs) soos per Aanhangsel A hiertoe;

(b) Dat daar egter volstaan word met die aanwysing van 'n oorsigkomitee (uitsluitlik vir die oorweging van die jaarverslag) ingevolge die riglyne soos neergelê in MFMA Omsendbrief 32 van 15 Maart 2006, en soos deur die voormalige Raad goedgekeur op 23 Januarie 2008, vir die volgende redes:
- die aanvaarding van die riglyne ooreenkomstig artikel 129(5) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, 2003 nie verpligtend is nie;
- die huidige oorsigreëlings betreffende die aanvaarding van 'n oorsigverslag op die munisipale jaarverslag in terme van artikel 129 van die MFMA as afdoende beskou word;
- die eksterne ouditkomitee van die Raad ook reeds behoorlike kontrole en oorsig uitoefen oor die munisipaliteit se finansiële aktiwiteite;
- die afgelope paar jaar se ongekwalifiseerde verslae van die Ouditeur-Generaal daarop dui dat die Raad voldoende oorsig uitoefen oor sy uitvoerende verpligtinge in die geheel, en daar vir die huidige nie rede tot kommer is nie;

(c) Dat die Raad sy besluit sal heroorweeg indien omstandighede in die toekoms dui op die noodsaaklikheid om 'n MPAC ooreenkomstig die nuwe riglyne in die lewe te roep;

(d) Dat die Departement van Samewerkende Regering dienooreenkomstig in kennis gestel word.

7.2 **TOEKENNING VAN STUDIEBEURSE (4/6/B)**

Involge die Interne Studiebeursbeleid wat met ingang van 1 Maart 2010 aanvaar is, word studiebeurse toegeken aan amptenare om hul in staat te stel om kwalifikasies op 'n deeltydse basis te verwerf terwyl hulle in diens is. Hierdie finansiële bystand word op 'n jaar tot jaar basis toegeken. Bestaande beurshouers moet ook op 'n jaarlikse basis aansoek doen vir die hernuwing van hul bestaande studiebeurse. Die beurshouers het ook 'n kontraktuele verpligting teenoor die Raad en moet ná suksesvolle verwerwing van die kwalifikasie vir 'n tydperk gelykstaande aan die voltooiing van die kwalifikasie op 'n voltydse basis, die studiebeurs terugwerk by die Raad.

Daar is tans 33 amptenare wat finansiële bystand ontvang vir hul studies en die volle bedrag wat in 2010/11 vir studiebeurse toegeken is, beloop R165 781. Slegs wanneer die amptenaar nie sy/haar studies slaag nie, word van hom/haar verwag om die gelde aan die Raad terug te betaal. Solank as wat die amptenaar studeer is die studiebeurs nie 'n bedryfsuitgawe nie, maar verskyn in die balansstaat as 'n debiteur. Soos die amptenaar terugwerk na voltooiing van die kwalifikasie, word die afwag (debiteur) gekrediteer en die bedryfsuitgawe gedebiteer. Dit beteken dus dat die finansiële bystand aan 'n amptenaar wat sy/haar studies suksesvol voltooi, 'n uitgawe vir die Raad word.

BESLUIT

Die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede is van mening dat hierdie aangeleentheid op administratiewe vlak hanteer moet word en derhalwe word die neem van hierdie besluit as volg gedelegeer:

(a) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om die besluit aangaande die instel van 'n moratorium, te neem al dan nie, welke besluit gebaseer moet word op die finansiële volhoubaarheid van die munisipaliteit;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder verder versoek word om die moratorium van tyd tot tyd te oorweeg na gelang van die verbeterde finansiële posisie van die Raad.

7.3 **VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (12/2/B)**

Bo en behalwe belastings en dienstegelde, is een van die min inkomstebronne wat die Raad tot sy beskikking het, die ontwikkeling van erwe en die verkoop van grond.

Die munisipaliteit beskik tans oor die volgende onroerende eiendom wat onmiddellik aangebied kan word vir vervreemding in die ope mark:

	Eiendomsbeskrywing	**Munisipale Waardasie**	**Doel**
(i)	Woning op erf 835 te Strandloperstraat 6, Yzerfontein (662m²)	R1 011 000,00	Residensieel
(ii)	Nywerheidserf no 7575, Schoonspruitweg, Malmesbury, groot 1739m² met woning	R348 000,00	Nywerheidsdoeleindes
(iii)	Groepsbehuisingserf no. 9302 geleë te Tafelzicht, Malmesbury, groot 7151m²	R1 294 500,00	Groepsbehuising
(iv)	Vakante erf no. 3283 geleë te Sentrumweg, Moorreesburg, groot 254m²	R16 000,00	Residensieel
(v)	Kampe 9 en 10, Darling, groot 68ha in totaal	sien aanbeveling	Landboukundige
(vi)	Kampe 5, 6 en 7, Malmesbury, groot 141 ha in totaal	sien aanbeveling	Landboukundige

BESLUIT
(vir oorweging deur die Raad op 24 November 2011)

(a) Dat die munisipale onroerende eiendomme gelys per publieke veiling te koop aangebied word, op ‘n datum vir hierdie doeleindes bepaal te word in oorleg met die Raad se afslaer;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder (of sy gevolmagtigde) gemagtig word om die veilingsvoorwaardes in oorleg met die Raad se prokureurs te finaliseer en op ’n veilingsdatum te besluit;

(c) Dat die voorgestelde vervreemding in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word;

(d) Dat kennis geneem word dat die bates nie benodig word vir die verskaffing van ’n minimum vlak van basiese munisipale dienste nie;

(e) Dat die munisipale waardasies as reserweprys vir verkoop van die eiendomme vasgestel word t.o.v. eiendomme (i) tot (iv), soos aangetoon hierbo;

(f) Dat R20 000,00 per ha as realistiese reserweprys t.o.v. die landbougrond te Darling en ’n reserweprys van R15 000,00 per ha t.o.v. die landbougrond te Malmesbury oorweeg word;

(g) Dat kennis geneem word dat kampe 5, 6 en 7 te Malmesbury tans onderhewig is aan ’n huurooreenkoms tot 28 Februarie 2016 en dat verkope daarvan sal moet geskied onderhewig aan die ‘huur gaat voor koop’ beginsel.

7.4 **VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 2660, DARLING (12/2/5/5-3/1, 8/2/2/1)**

Die tender vir die aankoop en ontwikkeling van besigheidserf 2660, Darling is einde 2010 aan A B & J Parker toegeken. Sedertdien is weinig vordering deur A B & J Parker gemaak om aan die tendervoorwaardes te voldoen, en die daarmee gepaardgaande ondertekening van ’n koopooreenkoms om oordrag van die eiendom te neem.

7.4/.....

Juis met die doel om te verseker dat die tenderaar aan sy tender gebonde te hou, is streng maatreëls in die verkoopooreenkoms ingevoeg, synde 'n memorandum wat in April vanjaar aan die Munisipale Bestuurder voorgelê was. Tot dusver het die tenderaars in gebreke gebly om die koopooreenkoms te onderteken.

A B & J Parker is op 4 Oktober skriftelik versoek om as 'n saak van dringendheid oor vordering te rapporteer. Die kern van die probleem is dat die voornemende koper onsuksesvol is om 'n verband vir die aankoop en ontwikkeling van die eiendom te bekom.

Dit is hul voorneme om nog 'n belegger as 'n vennoot tot die besigheid te betrek wat sal meebring dat die aankoop en ontwikkeling van die eiendom eers op 'n later stadium kan geskied.

BESLUIT

(a) Dat uitstel aan A B & J Parker verleen word tot hoogstens 31 Januarie 2012 om die uitstaande tendervoorwaardes t.o.v. erf 2660, Darling na te kom en die verkoopooreenkoms te onderteken;

(b) Dat by versuim om hieraan te voldoen, die tender gekanselleer word.

7.5 **HUUROOREENKOMS TUSSEN SWARTLAND HANDELSHUIS BELEGGINGS BEPERK EN SWARTLAND MUNISIPALITEIT (12/1/2-8/4)**

Die huurooreenkoms aangegaan tussen die Raad en Swartland Handelshuis Beleggings Beperk t.o.v. die huur van kantoorakkommodasie (±335m²) op die eerste vloer van die Checkers Sentrum, Malmesbury verstryk op 30 November 2011.

Op versoek van die Verhuurder, het die Munisipale Bestuurder toestemming verleen dat die opsie om vir 'n verdere termyn van drie jaar te huur, uitgeoefen word.

BESLUIT

(a) Dat die Raad die Munisipale Bestuurder se besluit kondoneer om die opsie uit te oefen om die huurperseel geleë op die 1ste vloer van die Checkers Sentrum (groot ±335m²) vir 'n verdere termyn van 3 (drie) jaar te huur, onderhewig aan dieselfde terme en voorwaardes as wat tans geld;

(b) Dat huurgeld ten bedrae van R13 735,00 plus BTW per maand met ingang vanaf 1 Desember 2011 betaal word, met 'n eskalasie van 8% per jaar.

7.6 **TOERUSTING OP KLIPKOPPIE, MALMESBURY: *ALTECH NETSTAR (PTY) LTD***

Die voormalige Raad het goedkeuring verleen vir die bedryf van voertuigopsporings- en herwinningstoerusting deur *Altech Netstar (Pty) Ltd* te Klipkoppie, Malmesbury, sedert 1 Desember 2006. Die verskaffing van 'n voertuigopsporingsender is tot voordeel van die inwoners van die Swartland.

Die huurtermyn van vyf (5) jaar verstryk op 30 November 2011 en die huurder het aansoek gedoen om die toerusting vir 'n verdere termyn van drie (3) jaar te bedryf.

Huurgeld beloop 'n bedrag van R298,30 BTW ingesluit per maand, met eskalasie gekoppel aan die Verbruikersprysindeks.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring aan *Altech Netstar (Pty) Ltd* verleen word vir die bedryf van 'n voertuigopsporings- en herwinningsender op Klipkoppie, Malmesbury vir 'n verdere termyn van drie (3) jaar, met ingang vanaf 1 Desember 2011;

7.6/....

(b) Dat die voorgestelde verhuring in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers bekend gemaak word;

(c) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes in hierdie verband;

(d) Dat die huurgeld vasgestel word op R311,20 BTW ingesluit per maand met 'n jaarlikse eskalasie wat nie die amptelike verbruikersprysindeks (CPIX) van Suid-Afrika oorskry nie;

(e) Dat die bestaande huurvoorwaardes sal geld.

7.7 **ONDERSTEUNING VAN YZERFONTEIN SNOEKFEES: 16-31 DESEMBER 2011 (10//1/R)**

Aansoek is weereens ontvang van die Yzerfontein Snoekfeeskomitee vir die hou van die 2011 Snoekfees vir die tydperk 16 - 31 Desember 2011 soos per gesirkuleerde program.

Die detail van die feeskomitee se vertoë is soos volg:

Gemeenskapsaal:

Gebruik (gratis) van die Yzerfontein Gemeenskapsaal vir Mej Yzerfontein, kinderdag, markdag, Robby Clay vertoning, oujaarsdans en stalletjies (stalletjies tot 2/1/2012), asook omliggende terrein vir die duur van die fees (16 – 31 Des 2011).

Stalletjie-terrein:

Gebruik (gratis) van hoofstrand stalletjie-terrein aan die noordekant van Buitenkant en Kusweg (groot ongeveer 30 meter x 20 meter) vir die verhuring aan hoogstens 20 stalletjie-eienaars. Feeskomitee sal toewysigings doen in samewerking met die Wetstoepassingsbeampte.

Strandaktiwiteite:

(a) 'n Verskeidenheid van aktiwiteite sal gedurende die tydperk aangebied word onder andere KANSA stap en KANSA toutrek;

(b) Opslaan van 'n gazebo op die hoofstrand tydens die strandaktiwiteite.

Hawegebied:

Gebruik van Hawegebied vir boothengel-kompetisie tydens "Snoekderby" en om in te weeg.

Vismark:

Gebruik van Vismark vir hengelkompetisie en parkering indien die hawe vol is.

Wetstoepassing:

SAPD Darling sal 'n deurlopende diens in die Feestyd lewer. Munisipale polisiebeamptes sal ook betrek moet word.

Reinigingsdienste:

Die nodige aanpassings sal gedurende die Feestyperk gemaak word. Ekstra vullisverwydering word op die Hoofstrand en hawe aangevra.

7.7/....

Elektrisiteit

Gebruik van bestaande elektrisiteitsaansluitings by die hoofstrand, saal en voorsiening van krag by die stalletjieterrein.

BESLUIT

(a) Dat verhoogde dienslewering oor die vakansieseisoen aangepas word a.g.v. verhoogde besoekersgetalle, en – waar nodig – addisionele personeel aan diens gebring moet word;

(b) Dat , soos in die verlede, geen betaling gevorder word vir addisionele dienste nie en dat bostaande versoeke van die Snoekfeeskomitee goedgekeur word.

7.8 **UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Daar moet ingevolge die Batebestuursbeleid van die Raad op 'n maandelikse basis verslag gedoen word aangaande die stand van uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met sakelys gesirkuleer.

7.9 **VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING (8/2/2/2)**

Alle uitgediende bates moet ingevolge die Batebestuursbeleid van die Raad op 'n openbare veiling verkoop word. Goedkeuring word versoek vir die verkoop van uitgediende bates per openbare veiling wat gehou sal word op 25 November 2011.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word vir die verkoop van uitgediende bates per openbare veiling gehou op 25 November 2011 soos met sakelys gesirkuleer.

7.10 **HERNUWING VAN KONTRAK: SUGARBIRD (EIENDOMS) BPK TEN OPSIGTE VAN NYWERHEIDSAFLOOP (16/3/1/5)**

Die Munisipaliteit ontvang nywerheidsafloop vanaf Sugarbird vir suiwering by die Malmesbury Rioolsuiweringswerke.

Sugarbird het voorheen sy nywersheidsafloop eers vooraf behandel voordat dit in die rioolstelsel van die munisiplaliteit gestort is om sodoende kostes te bespaar en omdat die rioolstelsel nie in staat was om die afloop te hanteer voordat dit behandel was nie. Die voorafbehandeling is egter gestaak om verskeie redes en 'n ooreenkoms is met Sugarbird aangegaan om hulle deels te vergoed vir die kapitaalbesteding in verband met die voorafbehandeling wat nou nie meer gebruik word nie. Die ooreenkoms bepaal die maandelikse nywerheidsafloopheffing wat 'n korting insluit deur die toelaatbare chemiese suurstof behoefte konsentrasie en daaglikse volume van die afloop in berekening te neem.

Die ooreenkoms het egter verstryk op 30 Junie 2009 en het die kliënt die munisipaliteit genader om die ooreenkoms vir 'n termyn van 'n jaar te hernu aangesien hulle nie tydig bewus was van die beëindiging van die ooreenkoms nie. Sugarbird wil weer voorafbehandeling doen voordat die nywerheidsafloop in die rioolstelsel van die munisipaliteit gestort word om kostes te bespaar of om 'n nuwe ooreenkoms met die Raad aan te gaan. Tans word navorsing gedoen deur Sugarbird om te bepaal of die nywerheidsafloop wat deur hulle gestort word wel so nadelig is vir die rioolstelsel van die munisipaliteit om dus 'n ooreenkoms te regverdig waardeur 'n afslag op die standaard tarief moontlik aan hulle toegeken kan word.

7.10/...

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die ooreenkoms met Sugarbird vir die ontvang van nywerheidsafloop vir 'n verdere termyn vanaf 1 Oktober 2011 tot 30 Junie 2012 hernu word;

(b) Dat die res van die voorwaardes van die ooreenkoms wat die voorafgaande 11 jaar gegeld het mutatis mutandis van toepassing sal wees, met die uitsondering van die gewysigde tydperk en die tarief.

7.11 **AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE VIR DIE AANSTEL VAN *LYNERS RAADGEWENDE INGENIEURS* VIR DIE FINALE BEPLANNING EN UITVOERING VAN DIE LOTTO-PROJEKTE (5/9/2/8)**

Jaarliks word Plaaslike Owerhede versoek om aansoeke in te dien vir Lotto-fondse. Deel van die besigheidsplanne wat voorgelê word, moet spesifikasies, hoeveelheidslyste en in baie gevalle ook planne insluit. Die spesialis firma vir die daarstel van sportgeriewe en wat al sonder uitsondering al die Munisipaliteit se sportprojekte hanteer het, is *Lyners Raadgewende Ingenieurs*. Met die saamstel van die Lotto-aansoeke was gemelde firma getaak om op risiko (sonder enige vergoeding) die volgende besigheidsplanne voor te berei:

- Kalbaskraal Sportgronde
- Malmesbury Swembad
- Riebeek Wes Sportgronde
- Chatsworth / Riverlands Sportgronde
- Malmesbury Dieprivier Sportgronde
- Moorreesburg Rosenhof Sportgronde
- Malmesbury Ilinge Lethu Sokkerveld
- Moorreesburg Gene Louw Sportgronde
- Darling Gabriel Pharaoh Sportgronde
- Moorreesburg Swembad
- Abbotsdale Sportgronde
- Riebeek Kasteel Sportgronde
- Malmesbury Wesbank Sportgronde
- Koringberg Sportgronde
- Swartland Sentrale Fasiliteit

Die totale beraamde koste vir hierdie projekte beloop R 13 429 000.00. Op grond van hierdie aansoek/besigheidsplanne is die volgende projekte goedgekeur vir befondsing vanaf die Lotto:

Kalbaskraal Sportgronde:	R 534 000.00
Riebeek Wes Sportgronde:	R 955 000.00
Totaal:	R 1 489 000.00

Buiten die konstruksiekoste wat uit hierdie fondse verhaal kan word, kan raadgewersgelde ook hieruit betaal word en hoef die Munisipaliteit nie direk van eie fondse by te voeg nie.

In hierdie geval word aanbeveel dat *Lyners Raadgewende Ingenieurs* aangestel word om die projekte te doen aangesien hul alreeds die grondwerk gedoen het deur die aansoeke in detail voor te berei. Die aanstelling van *Lyners Raadgewende Ingenieurs* kan dus as ‘n buitengewone geval hanteer word aangesien dit onprakties is om ‘n ander firma te betrek. Die fooie van raadgewende ingenieurs is in elk geval vervat in Wet 46 van 2000 (Die Wet op die Ingenieursprofessie) en is die basis van betaling gebaseer op die goedgekeurde tenderbedrag.

BESLUIT/.....

7.11/....

BESLUIT

(a) Dat aangesien *Lyners Raadgewende Ingenieurs* alreeds die vooraf ondersoeke gedoen het, verskillende projekopsies voorberei het en koste daaraan gekoppel het met die opstel van besigheidsplanne, aanbeveel word dat hierdie projekte weens praktiese en uitvoerbaarheidsredes deur dieselfde firma verder hanteer word;

(b) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die aanstelling van *Lyners Raadgewende Ingenieurs* vir die beplanning en toesig oor konstruksie van die volgende Lotto-projekte, naamlik Kalbaskraal Sportgronde en Riebeek Wes Sportgronde, en wel om die volgende rede:

(i) dat dit as prakties en meer uitvoerbaar beskou word om dieselfde firma wat die vooraf ondersoeke gedoen het, weer aan te stel om die finale fase van die beplanning en toesig te behartig;

(c) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde redes die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het om met die proses vir die aanstelling van *Lyners Raadgewende Ingenieurs* voort te gaan;

(d) Dat die vergoeding van *Lyners Raadgewende Ingenieurs* sal geskied volgens die professionele tariewe soos bepaal volgens die Wet op die Ingenieursprofessie (Wet 46 van 2000);

(e) Dat die Hoof: Finansiële State en Beheer, mnr C Gerber, in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid, opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit wanneer die betrokke state opgestel word.

7.12 **FINANSIËLE ONDERSTEUNING VIR JO-DOLPHIN SPECIAL CARE CENTRE (12/2/R)**
[Rdle M S I Goliath en R F van der Westhuizen onttrek van die vergadering vir die duur van die bespreking van die item]

Jo-Dolphin Special Care Centre, 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie, wat omsien na gestremde persone in die Swartland Munisipale area, het die Raad genader gedurende 2009 met die volgende versoeke:

1) beskikbaarstelling van erf 1094, wat geleë is tussen Koch –en Albanystraat;
2) ondersteuning met die oprigting van die geboue op die perseel; en
3) jaarlikse finansiële ondersteuning met die bedryfskoste van die sentrum.

Op 9 Desember het die Uitvoerende Burgemeesterskomitee wel die beskikbaarstelling van erf 1094 goedgekeur, onderhewig aan 'n aantal voorwaardes. Hul verdere versoeke was nie oorweeg nie, weens die feit dat daar geen voorsiening gemaak was hiervoor op die meerjarige begroting nie.

Daar is op 25 Augustus 2005 'n Raadsbesluit geneem, wat bepaal dat die volgende wel deur die Munisipaliteit gedoen kan word:

- skep van kinderfasiliteite;
- bedryf van kinderfasiliteite;
- skenking aan organisasies vir die bedryf van sodanige geriewe; en
- beskikbaarstelling van dienste.

Die Raad ondersteun tans verskeie instansies finansieël, soos onder andere die Meerdoelige Sentrums, Museums, Nagskuiling en Elkana Child Care, Huis van Heerde Kinderversorgingsoord en Ons Kan Projek.

Daar is ook vanjaar voorsiening gemaak in die begroting (R40,000) om ECD fasiliteite (Vroeë kinderontwikkelingsfasiliteite) finansieël te ondersteun.

BESLUIT/….

7.12/….

BESLUIT

(a) Dat die Raad nie op dié stadium homself kan verbind om die oprigting van die versorgingsfasiliteit finansieël te ondersteun nie.

(b) Dat daar wel op ‘n latere stadium, wanneer die Raad se behuisings- en kinderfasiliteite program dit toelaat, oorweeg word om van sy toegekende Behuisingsfondse te allokeer vir dié doel, indien die behoefte nog bestaan.

(c) Dat daar wel ‘n bydrae uit die bestaande begrote bedrag van R40,000 aan Jo-Dolphin Versorgingsoord vanjaar toegeken word;

(d) Dat daar jaarliks ge-ouditeurde finansiële state van die voorafgaande finansiële jaar ingedien word, tesame met ‘n jaarverslag van die werksaamhede voordat hierdie bydrae uitbetaal word.

7.13 **AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE WAARDASIEAPPèLRAAD VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT (15/2/2/1)**

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op ‘n vergadering gehou op 15 September 2011 besluit om die huidige lede van die waardasieappèlraad vir ‘n volgende termyn van 4 jaar ingevolge artikel 60 van die Wet her aan te stel.

In die aanbeveling van die verslag gedateer 5 September 2011 is verkeerdelik na mnr C Agulhas as plaasvervanger lid verwys, en is die Minister van Plaaslike Regering nie bereid om dit so te aanvaar nie.

BESLUIT

Dat Mnr C Agulhas se heraanstelling as lid van die waardasieappèlraad aan die minister van Plaaslike Regering voorgelê word.

7.14 **VOORGESTELDE HERSONERING VAN ’N GEDEELTE VAN PLAAS LANGEKLOOF NO. 701: AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15)**

Hierdie aansoek om hersonering het reeds vir besluitneming voor die Raad gedien op 11 Mei 2011. Die volgende besluit is geneem:

“…(a) Dat, uit ‘n konserwatiewe benadering en ingevolge die konteks hierbo geskets die audi altarem partem-reël toegepas word, deur vanaf die hersoneringsapplikant (wat na die mening van Swartland Munisipaliteit in wese dieselfde is as die appellante van die appèlhofsaak) te verneem wat hulle standpunt hieromtrent is;

(b) Dat die administrasie verder versoek word om in oorleg met die applikant, die permitvoorwaardes soos deur die Departement van Minerale Hulpbronne opgelê, ingevolge die “Social & Labour”-plan te openbaar met inbegrip van nakoming en tydskedules sodat die verpligting op die permithouer openbaar is, ten einde die volvoering daarvan te monitor;

(c) Dat die sesde appellant, synde die Minister van Minerale Hulpbronne dienooreenkomstig in kennis gestel word en dat terugvoering vanaf appellante, een tot vyf, sowel as appellant ses, afgewag word alvorens ‘n besluit oor die hersoneringsaansoek geneem word…”

Sedertdien het die appèlhof ‘n uitspraak gelewer rakende die hooggeregshof uitspraak teen Elsana myn. Gevolglik kan hierdie aansoek weer aan die Raad voorgelê word vir besluitneming.

Ten opsigte van die raadsbesluit gedateer 11 Mei 2011 rakende hierdie aansoek, is die verpligtinge van die mynlisensiehouer met betrekking tot die “Social & Labour”-plan deur die Afdeling: Beplanning ontvang. Sien die aanhangsel gemerk “J”. Hierdie verpligtinge met tydskedules vir nakoming sal deur middel van ‘n ooreenkoms tussen die

7.14/….

mynlisensiehouer en Swartland Munisipaliteit gereël moet word.

'n Aansoek om hersonering van 'n gedeelte van plaas Langekloof no. 701, groot ±42ha vanaf landbou sone I na nywerheidsone III ten einde 'n granietmyn te bedryf is ontvang.

Mynbou beteken 'n bedryf wat die uithaal van grondstowwe beoefen, hetsy deur bogrondse of ondergrondse verwyderingsmetodes en omvat die uithaal van klip, sand, klei, kaolien, ertse, minerale of edelgesteentes. Die betrokke eiendom is ±12km weg van Malmesbury oppad na Darling geleë.

BESLUIT

(a) Dat daar begrip is vir die dringendheid om 'n besluit te neem, maar dat die besluitneming nie ondeurdag moet wees nie, derhalwe word 'n spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering belê vir 16 November 2011 om 16:00 om die besluitnemers genoegsame tyd te gee om die dokumente en besware te bestudeer.

(b) Dat die administrasie versoek word om die voorwaardes van die onderskeie departemente, hetsy Nasionaal, Provinsiaal en Plaaslik in 'n geskikte formaat as addendum aan te bied om die monitering daarvan te vergemaklik, veral aangesien die lewensverwagting van die myn 30 jaar is, en Swartland Munisipaliteit gekonfronteer gaan word oor nakoming, al dan nie.

(c) Dat die aansoeker (vir die applikant), synde CK Rumboll en Vennote en die Durr beswaarmaker, synde Terblanche Slabber Pieters, versoek word om te poog om die partye voor 16 November 2011 byeen te bring om konsensus te bereik oor uitdagings wat kwel, welke uitdagings – ideaal gesproke – in 'n ooreenkoms vervat kan word wat met konsensus deelgemaak kan word van Swartland Munisipaliteit se besluit.

7.15 **AFWYKING: ERF 3311, MALMESBURY (15/4/2-8)**

'n Bouplanaansoek is ontvang van die geregistreerde eienaar M Morris op erf 3311, geleë te Mimosalaan, Malmesbury.

'n Motorafdak word voorgestel wat die 5m straatboulyn tot op 0m asook die 1,5m syboulyn (westelike grens) tot op 0m oorskry. Gevolglik word aansoek gedoen om afwykings ten einde af te wyk van die 5m straatboulyn tot op 0m sowel as die 1,5m syboulyn (westelike grens) tot op 0m ten einde 'n motorafdak op te rig.

BESLUIT

A Dat die aansoek om afwyking op erf 3311, Malmesbury ten einde af te wyk van die 5m straatboulyn tot op 0m in terme van artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaarde:

a) dat die dakwater van die motorafdak op erf 3311 akkommodeer word;

VERDER BESLUIT

B (a) Dat bo en behalwe die aanbeveling soos vervat op bl 140, word bevestig dat na 'n ter plaatse inspeksie in die gebied dit blyk dat daar in die omgewing soortgelyke onwettige bouwerk gedoen is, aangesien planne nie opgespoor kan word nie.

(b) dat die uitdaging verder is om vas te stel of die beweerde onwettige bouwerk dienooreenkomstig gewaardeer is en dus as sulks reeds belasting daarop betaal word. Ten einde die nodige regstellings te doen sal bogemelde gevalle ingevolge die bestaande "amnestie" delegasie hanteer moet word;

(c) Dat die begerigheid nog steeds bestaan om die oorweging van hierdie

7.15/....

tipe aansoeke te delegeer ten einde die goedkeuringsbesluit te versnel, maar word besef dat die konsep deur konsekwente toepassing daarvan moeilik is, omdat baie van hierdie gevalle op die individu se diskresie berus. Daar sal dus gepoog moet word om 'n beleid op te stel ten einde konsekwente optrede te optimaliseer, welke beleid in die betrokke afdeling opgestel moet word en met die Uitvoerende Burgemeesters-lede gewerkswinkel moet word;

C (a) Dat na gelang van die strategiese sessies van 1 en 8 November 2011 ten aansien van die opstel van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) met spesifieke verwysing na immigrasie en die onwettige oprig van strukture, word die Munisipale Bestuurder versoek om die vestiging van die spesiale eenheid te versnel aangesien die dringendheid hiervan nie deur die proses van die GOP vertraag kan word nie;

(b) Dat, gedagtig aan die toepassing van die beginsel van "structure follow strategy" die Munisipale Bestuurder ingevolge artikel 66 van die Stelselswet moet besin in watter direktoraat hierdie eenheid gesetel moet wees.

7.16 **WYSIGING VAN VOORWAARDES RAKENDE DIE VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 2021, RIEBEEK KASTEEL (15/3/6-11)**

Die Raad het op 16 Maart 2011 die onderverdeling van erf 2021, Riebeek Kasteel goedgekeur onderhewig aan sekere voorwaardes. 'n Wysiging tot die voorwaardes is op 13 April 2011 die Raad goedgekeur.

'n Versoek is ontvang om 'n addisionele voorwaarde tot die onderverdeling goedkeuringsvoorwaardes op te lê ten einde gedeelte A (±2648m²) te konsolideer met erf 1364.

Gevolglik word aansoek gedoen om die wysiging van die goedkeuringsvoorwaards van die Raadsbesluit gedateer 16 Maart 2011, soos gewysig op 13 April 2011, rakende die onderverdeling van erf 2021, Riebeek Kasteel, ten einde die volgende addisionele voorwaarde op te lê:

"…A1 (c) dat gedeelte A (±2648m²) konsolideer word met erf 1364…"

BESLUIT

Dat die wysiging van goedkeuringsvoorwaardes van die Raadsbesluit gedateer 16 Maart 2011, soos gewysig op 13 April 2011 rakende die onderverdeling van erf 2021, Riebeek Kasteel ingevolge artikel 42(a)(2) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word ten einde die volgende addisionele voorwaardes op te lê:

"…A1 (c) dat gedeelte A (±2648m²) konsolideer word met erf 1364…"

7.17 **KONSEP VERORDENING OP DRANKHANDELSDAE EN –URE (1/1)**

Munisipaliteit Swartland het kragtens artikel 156(1)(a) gelees tesame met Deel B van Bylae 5 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, die bevoegdheid om ondernemings te beheer wat drank aan die publiek verkoop.

Ook in die geval van die Munisipaliteit se verordening, was daar omvangryke kommentaar ontvang van die Malmesbury Drankforum (wat 'n groot aantal drankbesighede verteenwoordig) en die Stellenbosse regsfirma Cluver & Markotter.

BESLUIT/…

7.17/….

BESLUIT

(vir oorweging deur die volle Raad op 24 November 2011)

(a) Dat die aangehegte Konsep Verordening op Drankhandelsdae en –ure, 2011 deur die Raad aanvaar word in die plek van die konsep verordening wat deur die voormalige munisipale raad in hierdie verband aanvaar is, en dat dit vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste;

(b) Dat die verordening spesifiek beskikbaar gestel word aan daardie instansies wat insette op die vorige konsep gelewer het, met die versoek om opnuut hul kommentaar in te dien, inaggenome dat daar ingrypende wysigings was op die oorspronklike konsep.

(GET) J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER